

Inligtingsblad:



Moederkerk Kinder- en Jeugbediening

Moederkerk is 'n familie-vriendelike gemeente. Ons rus families toe en skep ruimtes waar ouers en kinders mekaar help om te glo. Ons begelei kinders binne hulle verskillende ontwikkelingsfases in geloofsgroei en ontwikkeling.

JUNIORS

Kinderbediening

Peuter- (3-4 jaar) en Kleuterkerk (5-6 jaar)

In die Kerkhuis (langs die kerkgebou) is daar elke oggend van die skoolkwartaal 'n Peuter en Kleuterkerk. Peuters vergader in die bovertrek (op met trappe) en die Kleuters in die onderste ruimte. Jana koördineer die peuters en Martjie die kleuters in die onderste ruimte. By die informele diens in die Hofmeyersaal is daar ook 'n kleuterkerk tydens die erediens

Martjie Malan 0783645932 Martjie11@gmail.com

Jana Lategan 0724019582
19831587@sun.ac.za

Let wel dat daar geen Peuter- en Kleuterkerk op langnaweke in die kwartaal is nie. Daar word 'n beroep op ouers gedoen om hulle hulp van tyd tot tyd aan te bied met die fasilitering.



Babas (0-2 jaar)

Die ou konsistorie aan die agterkant van die kerkgebou is ingerig as 'n babakamer waar ouers saam met hulle babas die diens op 'n televisieskerm kan volg. By die informele diens in die Hofmeyersaal kan ouers met babas die diens in die foyer op 'n televisieskerm volg.

Graad 1-6

Die Graad 1-6'e kom Sondag eers kerk toe (09:30) saam met hulle ouers (keuse van Moederkerk- of Hofmeyersaal-erediens) vir 'n kort Kindertyd waarna hulle begelei word tot by die Kweekskool. Ons gebruik lesmateriaal wat by die kerklike jaar aansluit. Die kinders verdeel in hulle graadgroepe waar besprekings en of 'n praktiese oefening plaasvind. Ouers en studente tree op as mentors. Na die tyd word die kinders veilig begelei oor die straat Kerkhuis toe waar ouers hulle kinders kan kom kry.

Bedieningshulp:

Janine Schuin * 0712932214 * janineschuin9@gmail.com
Frikkie Becker: * 081 879 3427 * fbecker21@gmail.com

Koördineerder:

Ilana Killian * 082 452 8527 * ilana@moederkerk.co.za


SENIORS Tienerbediening

“UP” (Unplugged) is Moedergemeente se tienerbediening (Gr 7-12). Kleingroepe vind elke Sondagaand plaas vanaf 18:30-19:00 waarna daar 'n Jeugdiens is (19:00-20:00) met lewendige lofprijsing en 'n relevante Bybelse boodskap. Ons Jeugleeraar Lionel Hutton is verantwoordelik vir hierdie bediening.

Belydenisgroep (Graad 11)

Die belydenisklas vergader elke Sondagaand 18:00-19:00 in die Foyer van die Hofmeysaal. Jan van Zyl, ons Familie dominee, neem verantwoordelikheid vir hierdie groep.

Daar is drie geleenthede vir die Graad 12's wat verlede jaar in die Belydenisgroep was om belydenis af te lê: 10 Mei, 26 Julie en 30 Augustus. Jy moet 3 weke voor die tyd 'n afspraak maak by die kerkkantoor vir 'n persoonlike gesprek met Ds Jan van Zyl. Hiermee saam moet jy 'n brief inhandig waarin jy sê hoekom jy Belydenis van geloof wil aflê en iets oor jou persoonlike geloofsreis. Jou ouers handig ook 'n kort briefie in oor jou geloofsreis. Kontak Jan vir navrae by jan@moederkerk.co.za.



1-2 Groepe

Gespreksgroepe vind in die week plaas waar 'n studentementor saam met tieners koffie drink binne 'n veilige vertrouensverhouding.

Jeugleeraar:

Lionel * 083 440 2928 * lionel@moederkerk.co.za